**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2023 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester *(waarnemende Uitvoerende Burgemeester)* |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur: Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. J Rossouw | : | Persoonlike Assistent: Munisipale Bestuurder |
| Me. W Nero | : | Assistent Interne Ouditeur |
| Mnr. M Rickers | : | Student: Kommunikasie |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

| | |
|---|---|
| | **AKSIE** |

**RVN017/10/2023**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering en komplimenteer almal wat soos per versoek Springbokdrag aan het, waarna Raadslid Du Plooy die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat op die "YouTube" platform ingeskakel is met spesifieke verwysing na die Springbok en All Black ondersteuners.

***

**RVN018/10/2023**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester – afwesig met verskoning (Stap en Trap projek)

***

**RVN019/10/2023**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN020/10/2023**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 26 SEPTEMBER 2023</u>**
**3/3/2/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 26 September 2023, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN021/10/2023**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP MAANDAG 21 AUGUSTUS 2023 (TERUGVOER VAN IN-KOMITEE ITEMS) EN DINSDAG 26 SEPTEMBER 2023</u>**
**3/3/2/2**
***(Die implementeringsverslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergaderings, soos gehou op Maandag 21 Augustus 2023 (Terugvoer van In-Komitee items) en Dinsdag 26 September 2023.

***

**RVN022/10/2023**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN023/10/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Hy lig die harmonie, gees en samehorigheid uit wat die wen van die Rugby Wêreldbeker 2023 in die Springbok-ondersteuners en eenheid in Suid-Afrika teweeg gebring het;
- Hy hou die onderstaande gedeeltes voor aan die Raad:

*"You reminded South Africans across the world that giving up on the dream of South Africa, no matter how difficult and fraught with obstacles it may be, is never an option. You reminded us that by finding what is common among us, instead of what is different, is the reason our country remains a living miracle to this day - where as a people still troubled by the wounds of the past, we continue to see the strength in joining hands and moving forward rather than surrendering to division and despair.*

*Thank you for continuing the fight. Thank you for fighting when the prospect of winning seemed so slim and thank you for showing us as a country and a people that victory is possible for South Africa if only, we have the courage and the will to seize it. Thank you for reminding us of who we are, and who we are meant to be."*

#StrongerTogetherYou reminded South Africa

*I wasn't going to post about the New Zealand fans being sore losers because I have a lot of Kiwi friends but it's getting ridiculous. Here are the facts that need to be understood, swallowed and digested. The best team did not lose, the best team won. That's how it works.*

1. *You had 61% possession but failed to convert it into points;*
2. *There is no referee conspiracy*
3. *There is no bribery and corruption*
4. *You missed 2 kicks - we missed 0*
5. *You got 1 yellow card and 1 Red*
6. *We got 2 yellow cards*
7. *We out muscled you on the field with immense defense*
8. *You confidently decided to kick for the corner when points were on offer*
9. *You made numerous handling errors*
10. *Your ill discipline cost you at vital moments*
11. *Some calls didn't go your way but that's rugby and it happens*
12. *Some calls didn't go our way either*
13. *Certain decisions cost you big*

*You have no one to blame but yourselves. It's time to get honest and clear with yourselves, admit you lost fair and square and congratulate your old foe and leave it at that. We have lost to you numerous times and we have never cried foul like this. We take the loss on the chin and move on. This is not your last rodeo and you will be back to beat us once more. The Boks are world champions after one hell of a battle. We have nothing but immense respect for the Kiwis. Don't tarnish it with the sore loser antics and moaning. We know losing sucks - we've been there many times - just not yesterday.*

*#For the love of the game!*

LIEF

- Hy bedank die Munisipale Bestuurder en Direkteur Gemeenskapsdienste wat toestemming verleen het om die Porterville "fan" park beskikbaar te stel vir die publiek om die Rugby eindwedstryd te kon kyk;
- Hy bedank die Uitvoerende Burgemeester wat die Piketberg krieketveld beskikbaar gestel het vir die publiek om die Rugbywedstryde te kon kyk;
- Hy wens die Proteas krieketspan sterkte toe met hul opkomende wedstryde vir die Krieket Wêreldbeker;
- Hy bedank die Raad, en Administrasie vir hul Springbokdrag asook diegene wat gehelp het om die Raadsaal te verfraai met Suid-Afrikaanse vlae asook Springbok versierings;

  ***('n Fotosessie vind plaas vanaf 14:17 – 14:21)***

- Dat Raadslid Immanuel Adams op Dinsdag 21 November 2023 verjaar en wens hy hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy verjaarsdag;
- Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste op Dinsdag 28 November 2023 verjaar en wens hy haar namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met haar verjaarsdag; en
- Dat die Hoof: Kommunikasie op Woensdag 08 November 2023 verjaar en wens hy hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy verjaarsdag;

LEED

- Dat die Rekenmeester Begrotings & Finansiële State, mev. L Louw, vir 'n operasie gaan in November 2023 en word sy sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Dat die gedenkdiens van Me. Beryl-Ann du Plessis, voormalige werknemer by Bergrivier Munisipaliteit, op Vrydag 03 November 2023 om 11:00 in die NG-kerk plaasvind;
- Dat die Superintendent: Verkeer Piketberg, mnr. W De Jager, se pa oorlede is en word hy en sy familie sterkte toegewens in hierdie tyd; en

***(Die Hoof: Kommunikasie, Persoonlike Assistent: Munisipale Bestuurder en Student: Kommunikasie verlaat die vergadering om 14:27)***

- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

'n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

Die Uitvoerende Onderburgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat drie spanne in die Bergrivier Munisipale area (Wyk 5) deelneem in die Top 14 en Top 16 uitdunne en wens hy hul onderskeidelik geluk en sterkte toe met die wedstryde; en
- Dat daar die afgelope tyd vier (4) strukture gebrand het in die Bergrivier Munisipale area waar een struktuur aan 'n werknemer van Bergrivier Munisipaliteit behoort en moedig hy die gemeenskap aan om veilig te wees in die warme tydperk.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die Uitvoerende Burgemeester en deelnemers tans die Stap en Trap inisiatief doen teen die euwels van die Bergrivier Munisipale gemeenskappe. Sy bedank vir Raadslid Du Plooy en Ds. M Goosen vir die gebed wat hul gedoen het vir die span en bid dat die span veilig sal wees gedurende die tydperk. Sy vra voorbidding by die Raad vir die gemeenskappe waar dit moeilik gaan met die euwels (dwelmmisbruik, tik, tienerswangerskap, enkelouers ens.) in die gemeenskap;

- Dat Raadslid Daniels, die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste en die Bestuurder: Inkomste die "Chartered Institute of Government Finance Audit and Risk Officers"(CIGFARO) se jaarlikse konferensie bygewoon het waar Bergrivier Munisipaliteit 'n toekenning ontvang het vir die "Clean Administration award" vir die 7de skoon oudit van die 2021/22 finansiële jaar.

- Sy gee kortliks terugvoer rakende die Ouditeur-Generaal se werksaamhede en meld dat die voorlopige datum van afhandeling van COMAF's geskeduleer is vir Dinsdag 07 November 2023; en

- Sy bedank die Raadslede en Administrasie vir hul harde werk en bydrae ten opsigte van die skoon oudit en die uitstekende dienslewering wat gelewer word om die gemeenskap van Bergrivier Munisipaliteit te verbeter. Voorts bedank die Speaker die Raadslede en Administrasie vir hul bydrae met die toekenning vir die 7de skoon oudit vir die 2021/22 finansiële jaar.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN024/10/2023**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN025/10/2023**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN026/10/2023**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: 2023/24 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30 SEPTEMBER 2023 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**
**4/7/6**
***(Die item word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Munisipale Bestuurder vra verskoning dat die item as 'n dringende item ingedra word aangesien die verslag kwartaalliks dien en meld dat die verslag voortaan deel sal maak van die agenda.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste, lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July - 30 September 2023) be noted; and

2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN027/10/2023**
**<u>HERSIENING VAN "SUPPLY CHAIN MANAGEMENT" (SCM) BELEID</u>**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad die volgende wysiging aanbeveel en goedkeur:-

" formal written price quotations be obtained for any specific procurement of a transaction value lower than ~~R10 000 –~~ R30 000; or"

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (Waarnemend)***

***

**RVN028/10/2023**
**<u>HERSIENDE KONSEP PRESTASIEBESTUURSBELEID</u>**
**4/7/6**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad die Konsep Prestasie-Bestuursbeleid oorweeg en goedkeur.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN029/10/2023**
**<u>RAPPORTERING IN TERME VAN ITEM 15(1)(C) VAN DIE GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE (STRUKTURE WET, 117 VAN 1998 SOOS GEWYSIG)</u>**
**3/4/2**
***(Die item word in die vergadering versprei en ter tafel gelê)***

Die Speaker lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad die aangeleentheid hanteer in terme van Item 16(1)(a); en
2. Dat die Raad In-Komitee gaan en die verslag bestudeer en 'n bevinding maak.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN030/10/2023**
**<u>BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE JEUGKAFEE IN VELDDRIF</u>**
**2/1**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van bogemelde agtergrond;
2. Dat die Raad goedkeuring verleen vir die advertering van die perseel vir 'n periode van 3 jaar om insette van die publiek te kry;

3. Dat na afloop van die advertering, die Munisipale Bestuurder 'n huurkontrak met die eienaar sal onderteken;
4. Dat tydens die aansuiweringsbegroting voorsiening gemaak sal word vir die agterstallige huur van die vorige 2 finansiële jare; en
5. Dat die agterstallige eiendomsbelasting afgetrek word van die agterstallige huur.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN031/10/2023**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN RESTANT ERF 1283, VELDDRIF**
**7/2/1; VD.1283**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Suid-Oostelike gedeelte Restant Erf 1283, Velddrif nie benodig word vir munisipale dienslewering;
2. Dat die Suid-Oostelike gedeelte Restant Erf 1283, Velddrif (±2 ha groot) per publieke tender beskikbaar gestel word vir 'n huurtermyn van 9 jaar 11 maande uitsluitlik vir die verbouing van groente, en verder onderhewig aan die volgende:

a) Geen permanente strukture op die gedeelte grond opgerig mag word nie;

b) Geen vee op die grond aangehou mag word nie;

c) Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om alternatiewe water vir besproeiingsdoeleindes te bekom, en die nodige permitte van Departement van Waterwese daarvoor te verkry;

d) Die suksesvolle tenderaar sal self verantwoordelik wees vir aansluiting tot munisipale dienste, indien nodig;

e) Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om 'n tydelike/draagbare chemiese toilet op die eiendom te voorsien; en

f) Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelike wees vir die omheining, beveiliging, skoonmaak en instandhouding van die grond.

3. Dat 'n terugval klousule wat soos volg lees: "Indien die bate nie meer vir landboubedrywighede aangewend word nie of benodig word vir Munisipale dienslewering, mag die huurooreenkoms gekanselleer word deur wedersydse billike kennis van 30 dae te gee of tot laaste oes verwyder word" as voorwaarde in die kontrak vervat word sou die Raad die eiendom beskikbaar stel vir verhuring;
4. Dat geen bewoning op die erf mag geskied nie;
5. Dat geen onderverhuring ingebring word in die tenderkontrak;
6. Dat die huurbedrag van seshonderd rand (R600) per jaar aangebring word; en
7. Dat 'n tender voorwaarde gestel moet word dat die suksesvolle tenderaar 'n klein opkomende boer of opkomende landbouorganisasie is wat geregistreer is by die Departement van Landbou.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN032/10/2023**
**<u>VISHUISPERSEEL NO.12, ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN): TOESTEMMING VIR ONDERVERHURING</u>**
**17/12/3/2; VD.486**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

**<u>Opsie 1:</u>**

1. Dat die aansoek van Mev. M.H. Marais om vishuisperseel No. 12 geleë op Erf 486, Velddrif aan Mnr. P.J. Botha te onderverhuur, **goedgekeur** word, onderhewig daaraan dat:

a) Die bestaande huurkontrak van Mev. M.H. Marais en die bepalings daarin vervat onveranderd en van toepassing bly en dat Mev. Marais aanspreeklik bly vir die nakoming van alle bepalings vervat in die hoof huurooreenkoms asook addendums aangegaan;

b) Dat die onderverhuurder, Mnr. Botha, homself vergewis van die bepalings van die huurooreenkoms; en

c) Dat Mnr. Botha 'n besigheidsplan asook uitlegplan aan die Munisipaliteit voorlê vir oorweging om belyning met die bepalings van die huurooreenkoms te verseker.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN033/10/2023**
**<u>FIRST DRAFT BERGRIVIER MUNICIPALITY SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK 2024-2029</u>**
**15/1/5/9**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die advertering sal plaasvind op 2-3 November 2023, dat die MSDF-dokument vanaf Maandag 06 Oktober 2023 by al die Munisipale biblioteke beskikbaar sal wees en dat daar ook ope dae by die onderskeie dorpe in die Bergrivier Munisipale area sal plaasvind. Sy versoek dat die advertensie aan die Hoof: Kommunikasie deur gegee moet word vir advertering op alle platvorms en dat die Raadslede die publiek moet aanmoedig om die ope dae by te woon om insette en kommentaar te lewer.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council provide permission for publication of the first draft of the Bergrivier MSDF 2024-2029 for public comment, as required in terms of Section 6 (4) of the Bergrivier Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 11 December 2020.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN034/10/2023**
**<u>SOMER GEBEURLIKHEIDSPLAN 2023-2024</u>**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die respons tyd van die brandweer, beskikbaarheid van water, dat die personeel die korrekte PPE-toerusting dra tydens 'n brand waarna

die Uitvoerende Onderburgemeester bevestig dat daar ‘n uitstaande brandverslag is vir Porterville en dat die verslag voorgelê sal word by die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering vir bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

Die Speaker bedank almal, veral Weskus Distriksmunisipaliteit, wat hulp verleen het tydens die brand in Porterville.

Raadslid Du Plooy versoek dat ‘n gesprek fasiliteer word tussen Gemeenskapsdienste en Tegniese Dienste rakende die kapasiteit van die brandweervoertuig in Porterville.

Op navraag van Speaker dat die brandweer noodnommer deel moet vorm van toekomstige kennisgewings bevestig die Munisipale Bestuurder dat die noodnommer vir brande van die inbelsentrum van die Distrik **10177** is en dat die bevoegdheid by die Brandweerpersoneel (op die perseel) ressorteer om te besluit of Weskus Distriksmunisipaliteit ingeroep moet word.

Die Speaker versoek dat die kennisgewings met die brandweer inligting aan die Wykskomitees versprei moet word en hul vra om dit ook te versprei aan die publiek.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad die gebeurlikheidsplan goedgekeur as deel van die Bergrivier Munisipaliteit se Rampbestuursplan.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**RVN035/10/2023**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2023</u>**
**5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for August 2023.

***

**RVN036/10/2023**
**<u>MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORTS: AUGUST 2023</u>**
**5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayor take note of the August 2023 Supply Chain Management Implementation reports and that they be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**RVN037/10/2023**
**<u>PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 54 EN 56 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2022 TOT 30 JUNIE 2023</u>**
**4/7/6**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en meld dat die vraagtekens op bladsy 298 van die agenda vervang moet word met 18.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie Beoordeling van Artikel 54A en 56 Poste vir die tydperk 01 Julie 2022 tot 30 Junie 2023.

***

**RVN038/10/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN039/10/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN040/10/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Prysuitdelingsfunksie verskuif word na Vrydag 01 Desember 2023 as gevolg van die beskikbaarheid van die lokaal by Dwarskersbos strandoord. Die Speaker en die Munisipale Bestuurder moedig alle Raadslede aan om die Prysuitdelingsfunksie by te woon).***

***(Die Speaker meld dat hy 'n e-pos aan die onderskeie Raadslede en amptenare gestuur het rakende die verskuiwing van Woensdag 08 November 2023 se Komiteevergaderings en meld hy dat die datums deurgegee sal word deur die relevante Portefeulje Voorsitters).***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 15:05, waarna die volle Raad en Munisipale Bestuurder die vergadering In-Komitee voortsit.***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:55*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***